

## Gevare van hand reinigers tuis en by die werk

September 2020



**Brandwonde na ontsteking van hand reiniger**

'n Werker het alkohol gebaseerde hand-reinigers gebruik op sy hande volgens voorskrif vir COVID-19 persoonlike higiëne.

Voordat die hand-reiniger droog was, het hy aan 'n metaal oppervlak geraak en 'n vonk van statiese elektrisiteit veroorsaak. Die vonk het die hand-reiniger aan sy hande aan die brand gestee en byna onsigbare vlamme op sy hande veroorsaak. Hy het daarin geslaag om die vlamme dood te kry met water maar het eerste en tweede-graad brandwonde opgedoen.

Verwysing: International Association of Oil & Gas Producers (IOGP) Alert 314 IOGP Safety. (<https://safetyzone.iogp.org/>).

Daar was ook gevalle waar 'n persoon hand-reiniger gebruik het en daarna 'n sigaret aangesteek het. Onmiddellik was sy hande in vlamme.

### Het jy geweet?

- Sommige hand reinigers is gebaseer op alkohol en is vlambaar met flitspunt 16.6 tot 26.6 °C. Bokant die flitspunt is het die dampe net 'n vonk nodig dan brand dit.
- Meeste hand reinigers het 'n Veiligheids Data staat (SDS) wat die gevare lys, insluitend die flitspunt.
- Hande nat met alkohol gebaseerde hand reiniger kan met statiese vonk of ander ontstekingsbron aan die brand slaan. Mens se liggame dra 'n statiese lading wat sterk genoeg is om ontsteking te veroorsaak.
- Alkohol brand met 'n amper onsigbare blou vlam. Water kan maklik 'n alkohol brand op hande doodmaak.
- Sommige hand reinigers bevat metanol of metiel alkohol wat vlambaar is maar ook giftig. Moet dit nie op jou vel gebruik nie!

1. <https://www.fda.gov/drugs/drug-safety-and-availability/fda-updates-hand-sanitizers-methanol>

### Wat kan jy doen?

- As jy alkohol gebaseerde hand reinigers gebruik, maak seker jou hande is heeltemal droog voordat jy ander take aanpak wat dalk vonke ontsteking kan veroorsaak.
- Lees die SDS vir alle materiale wat jy hanteer, selfs die wat mens dalk dink is skadeloos.
- Stoor alkohol gebaseerde hand reinigers volgens SDS voorskrifte, weg van lig en hitte wat vlambaarheid kan verhoog en effektiwiteit kan verminder.
- Deel die inligting met jou familie en vriende sodat hulle nie dalk soortgelyke brandwonde opdoen nie.

**Hanteer alle materiale versigtig, self die wat bedoel is vir jou veiligheid!!**